Leefwêreld van die Gestremdes

Deur Fanie du Toit

Ek het onlangs met Elzarie Devenish – Direkteur van Vereniging van Persone met Gestremdhede in die Vrystaat, oor ‘n toerisme roete (in die Vrystaat) vir en deur mense met gestremdhede, gesels.

Volgens Devenish is die doel met dié toeganklike toerisme roete tweeledig van aard. Eerstens het dit ten doel om mense met gestremdhede nader aan toerisme te bring, en tweedens om toerisme nader aan mense met gestremdhede te bring.

Devenish sê: “Mense met gestremdhede moet deel kan wees van die wonderlike toeriste aantreklikhede in die Vrystaat. Om dit moontlik te maak, is daar egter toeganklike verblyf, eetplekke, vervoer, besienswaardighede, en ook inligting rakende dié sake nodig. Met hierdie projek word die toerisme behoeftes van mense met gestremdhede regstreeks aangespreek”

Daar is byvoorbeeld ’n toeganklike gastehuis vir mense met gestremdhede in Bloemfontein ingerig. Hierdie gastehuis is net langs ‘n Koffiekroeg, wat ook toeganklik is. In die Koffiekroeg is daar ‘n toerisme inligtingsentrum, spesifiek vir mense met gestremdhede, asook ’n vertoonlokaal om artikels, wat deur gestremdes vervaardig word, te bemark.

‘n Toeganklike gastehuis, koffiekroeg, toerisme inligtingsentrum en die bemarking van artikels, wat deur gestremdes vir die toerismemark vervaardig word, is verseker uniek in Suid-Afrika.

Al die geriewe is reeds voltooi en in werking, is op die perseel van die Verenigiging vir Persone met Gestremdhede te Parkweg 47, Bloemfontein. Dié gerief word onder die naam, 47@ Park Road bemark.

Volgens Devenish word toeganklikheid van verblyfgeriewe in die res van die Vrystaat ook aangespreek. Hul volg glo ’n holistiese benadering met dié roete.

Hul verwys juis na ’n roete, omdat soveel plekke in die Vrystaat by hierdie projek betrokke is. Om verdere verblyfgeriewe aan mense met gestremdhede bekend te kan stel, is toeganklikheids-evaluasies in ál die distrikte van die Vrystaat gedoen. Gastehuise, natuurreservate – selfs ‘n Casino is deur kundiges besoek.

“Hierdie plekke word ook op ’n volhoubare grondslag ondersteun, om sodoende hul toeganklikheid te verbeter,” sê Devenish.

Dit is hierdie belangrike inligting wat nou sigbaar is vir die algemene publiek in die toerisme inligtingsentrum (in die koffiekroeg). Dit is goeie nuus vir die gasvryheidsbedryf, omdat hul pogings op ’n tasbare wyse bekendgestel word.

Dié projek het ook ten doel om toerisme nader aan mense met gestremdhede te bring. Hierdie roete sluit die hele Vrystaat in - `n wye verskeidenheid toerisme besoekpunte is ter sprake. Die bekende bruin padaanwysings word vir die doel gebruik.

Die projek is nie eksklusief net vir toeriste met gestremdhede nie. As deel van die roete word 24 mure van herinnering by verskillende dorpe in die Vrystaat gebou. Toepaslike inligting rakende die werksaamhede van mense met gestremdhede in die onmiddelike omgewing, word deur dié mure uiteengesit.

Daar is byvoorbeeld vyf projekte wat deur toeriste besoek kan word waar produkte deur persone met gestremdhede vervaardig is. Handvervaadigde artikels kan by hierdie werkwinkels gekoop word.

Toeganklike vervoer is egter altyd ’n uitdaging. Die Vereniging vir Persone met Gestremdhede in die Vrystaat het reeds ‘n toeganklike vervoerdiens wat benut kan word as deel van hierdie projek.Dié instansie het twee voertuie vir die vervoer van mense met gestremdhede. Die een voertuig is byvoorbeeld met hand kontroles toegerus, sodat mense met gestremdhede dit kan huur.

Deur die befondsing van die Departement van Omgewingsake en Toerisme word die Vereniging vir persone met gestremdhede bemagtig om talle gestremdes op dié wyse in die gemeenskap te integreer.

’n Ander belangrike uitvloeisel van hierdie projek is armoede verligting deur werkskepping én opleidingsgeleenthede, wat regstreeks hieruit voortspruit. Nagenoeg 300 mense vorm reeds deel van die unieke projek.

Vir meer inligting, skakel Jackie Malan 0825133169. Skryf aan my by: fanie.dt@mweb.co.za of Posbus 1758, Worcester, 6849.